

AFRIKAANSE
ETIMOLOGIË


Boshoff
en
Nienaber

AFRIKAANSE ETIMOLOGIEË

S. P. E. BOSHOFF

en

G. S. NIENABER



DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS
1967

INHOUD

	<i>Bladsy</i>
VOORWOORD.....	VII
I. INLEIDING	
I. Etimologie.....	1
II. Voorgeskiedenis.....	9
III. Doel.....	12
IV. Inhoud.....	14
V. Bronne.....	34
VI. Metode.....	40
VII. Afkortings i.v.m. Taalkundige Terme.....	49
VIII. Afkortings i.v.m. Tale, Dialekte, ens.....	57
IX. Bronnelys.....	62
II. ETIMOLOGIEË.....	117

VOORWOORD

Hiermee is met 'n groot en moeilike taak voorlopig 'n eindpunt bereik. Ons sê met opset "voorlopig", omdat 'n leksikograaf se taak nooit afgehandel is nie. Talle verlangde gegewens is in die newels van die verlede versluier en nuwes kom steeds te voorskyn: sulke dinamiese verskynsels is dikwels moeilik vas te pen. Omstreeks 1915 is met die oog op die onderhawige werk met die insameling van materiaal begin wat by tydsgebrek en die spesifieke doel nie alles in vorige publikasies benut kon word nie. Die verwerking van die stof en die formulering van die uitkomst het die samestellers etlike jare knaend besig gehou, en nog is hulle die allerlaastes om met die resultaat tevrede te wees. Daar bly vir hulle en hulle opvolgers nog on-eindig baie oor om aan te vul en te verbeter. Talle trefwoorde is trouens sonder meer vermeld om moontlik vir toekomstige navorsers diens te doen en hulle miskien op die spoor van 'n verklaring te bring. Wat hier aangebied word, is soos 'n huis wat beplan en gebou is om vir toekomstige aanbou voorsiening te maak. Daaroor is in die Inleiding en dikwels by die etimologieë self die nodige gesê.

Ons moes êrens t.o.v. ruimte en tyd halt roep. Wat voor die end van 1965 (toe ons manuskrip feitlik persklaar was) onder ons aandag gekom het en nog betyds bekombaar was, is geraadpleeg. Ons het, om 'n enkele voorbeeld te noem, eers in Januarie 1966 kennis gemaak met J. du P. Scholtz se *Afrikaans uit die vroeë tyd*, gedeeltelik 'n herdruk van vroeër publikasies wat wel benut is. Aanvullings en verbeterings in hierdie werk kan eers, soos in die geval van alle nuwe publikasies, later in studie gencem en waar nodig gebruik word.

Maar ons Voorwoord is in die eerste plek bedoel om ons innige dank te betuig aan almal wat ons by ons taak behulpsaam was. Ons begin met vermelding van die biblioteke, boekerye en argiewe waar ons (albei of afsonderlik) waardevolle en veral seldsame publikasies en argiefstukke kon raadpleeg. Hier te lande is veral gebruik gemaak van die biblioteke van die Universiteite van Natal (meer bepaald dié in Pietermaritzburg), van Pretoria en van Suid-Afrika, asook van die Suid-Afrikaanse Biblioteek te Kaapstad, van die Woordeboekkantoor op Stellenbosch, van die Staatsbiblioteek (nou Stadsbiblioteek) en van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in Pretoria, ten slotte ook van die biblioteek van dr. Killie Campbell in Durban. Daar kon verder ook gebruik gemaak word van vroeër en later aantekeninge uit werke en stukke in die buitelandse biblioteke van die Universiteite van Amsterdam, Leipzig, Lund en Oxford (die Bodleian met sy Bodleyana) en van die Biblioteek van die Britse Museum in Londen. Die personeel van al dié instansies was altyd bereid om die gevraagde vir insae beskikbaar te stel, en ons bly hulle opreg dankbaar vir hulle goeie dienste.

Persone wat in die besonder aan ons hulp verleen het, word oorsigtelikshalwe sover moontlik in alfabetiese volgorde (d.w.s. vir sover dit herhaling kan vermy) en vaksgewyse vermeld. Hulle is net oor spesifieke vraagstukke en woorde genader en was altyd gewillig om na vermoë die gevraagde inligting te verstrek, maar dra geen verantwoordelikheid vir ons formulering van en gevolgtrekkings uit die gegewens op hulle onderskeie vakgebiede nie.

Wat die geesteswetenskappe betref, het ons vanselfsprekend veral taalkundiges geraadpleeg. Hiermee dan ons opregte dank aan die volgende:

1. TALE:

Afrikaans: professore S. A. Louw en P. d. V. Pienaar (Univ. v. Pretoria), H. J. J. M. van der Merwe (Univ. v. S.A.); **Bantoe:** menere D. N. Bang (Univ. van Natal) en J. J. Boshoff (Skr. van Onderwys, Umtata), professore D. T. Cole en L. W. Lanham (Univ. v.d. Witwatersrand), dr. J. A. Louw en prof. D. Ziervogel (Univ. van S.A.), prof. E. B. van Wyk (Univ. v. Pretoria); **Duits:** prof. B. A. T. Schneider (Univ. van S.A.); **Engels:** professore D. R. Beeton (Univ. van S.A.) en L. W. Lanham (Univ. v. d. Witwatersrand); **Hottentots:** pastor F. Rust en dr. H. Vedder; **Klassieke Tale:** professore E. L. de Kock (Univ. v. Natal) en G. v. N. Viljoen (Univ. van S.A.); **Romaanse Tale:** professore P. Haffter (Univ. van S.A.) en M. Valkhoff (Univ. v.d. Witwatersrand), asook dr. F. Z. van der Merwe (Durban); **Russies:** mev. E. Foxcroft (Univ. van S.A.).

Wat die natuurwetenskappe betref, het ons om hulp aangeklop by vakmanne op die gebied van die Aard-, Dier-, Natuur-, Plant- en Skeikunde. In hierdie geval sou 'n indeling in vakgebiede onnodige herhaling oplewer, omdat verskeie van ons segsmanne op meer as een gebied raad en wenke gegee het. Hiermee weer eens ons innige dank aan die volgende:

2. **NATUURWETENSKAPPE:** professore H. L. de Waal en H. P. van der Schijff en dr. D. J. L. Visser (almal Univ. v. Pretoria), prof. S. Truter (Univ. v. Natal), dr. K. Gordon-Gray (hulp en leiding by gebruikmaking van die Universiteitsherbarium te Pietermaritzburg) en dr. J. A. Pringle (Natale Museum), doktore R. Bigalke (Pretoria) en B. F. van Vreeden (Jan Kempsterdorp).
3. **VARIA:** Dan is daar 'n aantal persone wat aan ons boeke geskenk of in bruikleen afgestaan het en ons in allerlei verband behulpsaam was. Hulle belangstellende en hulpvaardige dienste het moeie en tyd bespaar en hulle verdien eweneens ons opregte dank. Dit doen ons genoë om hier die name te noem van doktore P. Basson (Onderstepoort), F. W. Quass (Pretoria), F. F. Odendal (Assistent-Hoofredakteur van WAT), F. J. Snijman (Hoofredakteur van WAT), S. Strydom (Univ. v. Pre-